

Dinsdag 7 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:4-10 (AFR83)

Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9-10

**Die Here het ons geroep en roep ons steeds! In hierdie roeping lê die
bestaansgrond van die kerk**

Waarvandaan het Hy ons geroep? Petrus sê: Uit die duisternis ... na sy wonderbare lig!

Uit die duisternis! Vir Petrus se eerste lesers was dit onder andere 'n roeping uit die heidendom en bygeloof. Vir die Joodse Christene onder hulle was dit 'n roeping uit 'n godsdienst van verdienste. En ons? Ons wat dalk in 'n Christelike huis grootgeword het? Daar is die duisternis van ons eie sondige natuur wat dit so donker in ons lewens en in ander se lewens kan maak.

Uit louter genade is ons geroep na sy wonderbare lig! In Christus is ons vrygespreek van al ons sondes! Ons het 'n nuwe lewe ontvang deur die kragtige werk van die Heilige Gees! Ons het 'n vaste en versekerde hoop wat ons in ons omdra!

Ons is egter geroep met 'n taak. Petrus sê ons moet die verlossingsdade verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. Opmerklik dat Petrus nie sê dat die predikante, ouderlinge en diakens dit moet doen nie. Nee, saam met mekaar moet ons dit doen, maar ook elkeen van ons op sy eie.

Weet mense dat jy ook in die duisternis was en dat jy nou in die lig is? Net omdat jy geroep is ... omdat God vir jou oneindig goed is! Praat hieroor met die mense rondom jou, straal die lig uit waarin jy nou kan lewe, laat mense sien en hoor dat God waarlik goed is vir jou!

Sing: Psalm 107-1:1, 2

Ds. BR Kingma (Reinder) (Bellville-Oos)